

Geloof in Christus bind ons tot 'n eenheid saam

Selfs tussen gelowige kinders van God is daar dinge wat soms soos mure opgaan en skeiding bring. Dinge soos rykdom en armoede, beroepsvlak, akademiese opleidingsvlak, woonbuurte, politieke oortuigings, ras en talle meer funksioneer vandag nog dikwels soos geestelike mure tussen kinders van die Here. Selfs hele gemeentes of wyke of verskillende groepe in 'n gemeente kan rondom 'n bepaalde sosiale klas saamgroepeer. Dan voel die arm lidmaat nie tuis in die “ryk” gemeente nie. Of dan dink die een gelowige in sy hart – ek wil nie met daardie een praat wat nie van my klas of status is nie.

In die destydse samelewing is mense ook in sogenaamde klasse of groeperings ingedeel. Klasse soos slawe en vrymense, Jode en nie-Jode, gelowiges en heidene, mans en vroue. Paulus doen in groot liefde in hierdie brief aan Filémon 'n beroep op hom om sy slaaf Onesimus, wat weggeloop het, weer terug te neem. Dis 'n beroep om hom in liefde te vergewe en hom te ontvang soos wat Filémon vir Paulus sou ontvang. Dis 'n groot toets vir Filémon se geloof en liefde. Slawe wat destyds weggeloop het van hulle eienaars kon swaar gestraf word en selfs die doodstraf kry. Op slawe is neergesien as van 'n lae sosiale stand en vrymense het nie sosiaal met hulle gemeng nie. Onesimus het as ongelowige slaaf van Filémon af weggeloop, maar keer nou as gelowige slaaf na hom toe terug.

Sosiale mure en onvergewensgesindheid moes nie hierdie gelowige eienaar en gelowige slaaf vir altyd skei nie. Inteendeel, deur die geloof in Christus is hulle nou ook broers van mekaar in die huisgesin van God. En hulle sou vir altyd, selfs na die dood, in hierdie nuwe geestelike gesin saam wees. Geloof in Christus breek geestelike skeidsmure tussen kinders van God af. Christus bewerk 'n ware liefdeseenheid tussen sy volgelinge. Hierdie gedeelte laat ons diep inkyk in ons eie harte en optrede. Is daar medegelowiges wat ons dalk vermy by die skool of in die werkplek of Sondag by die erediens omdat ons dink hulle is nie op ons vlak of status nie? Nee, laat ons elke gelowige met die liefde van Christus behandel soos wat ons behandel wil word.

Sing: Skrifberyming 10-2 (Onse Vader)

Ds L du P van der Vyver (Silverton)